# ithemba

SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK



## GELOWIGES WAT STEM

Ons weet en besef maar alte goed dat Suid-Afrika en eintlik die hele wêreld 'n baie onseker tyd beleef. Dit is nie vreemd aan die geskiedenis nie. Tye soos hierdie roep egter om stille nadenke en ook selfondersoek. Eers moet ons egter net stil word en werklik bewus word van die heilige teenwoordigheid van God. Kom ons rig ons gedagtes op Hom.

*Here, help ons om te sien wat ons moet sien.*
*Help ons om self gesond te bly in dié wêreld.*
*Help ons om mense en standpunte bymekaar te bring*
*wat oënskynlik nie bymekaar gebring kan word nie.*
*Help ons om met innerlike krag, karakter en*
*standvastigheid in hierdie brose tyd te lewe.*
*Amen.*

## IN DIÉ UITGAWE


- Brief van die direkteur
- Building bridges with Kletskuier
- A voice from Gaza
- Waarom is sosiale kohesie nodig?
- Tien redes waarom kernkrag nie 'n opsie moet wees vir Afrika nie.
- HVT woel met GROEI-projek
- Netwerk vir evangelisasie
- #100DorpeDialoog - ons leer steeds belangrike lesse!
- SPG ondersteun skole in Graaff-Reinet
- Boomplantprojek in Malawi
- New book: How Mamabolo escaped from the cage of poverty



# UIT DIE DIREKTEUR SE PEN

*DR. BRAAM HANEKOM*

Een van die heel interessantste verkiesings sedert 1994 lê voor. Die kerk, as deel van die burgerlike samelewing, het beslis 'n verantwoordelikheid om 'n rol te speel. Die vraag is watter rol? Hier is 'n preek (klik hier) wat moontlik kan help. Kortom, egter die volgende.

- Mense moet gaan stem! Dit is 'n burgerlike voorreg en verantwoordelikheid. Daar is 'n uitdrukking wat lui: ***kiesers kry die regering wat hulle verdien***! Laat ek byvoeg. Soms kry hulle wat hulle verdien wanneer hulle NIE gaan stem nie.

> "Not voting is not a protest. It is a surrender." – Keith Alison

- Ons (gemeentes) moet mense help om te gaan stem. Ons kan help met die vervoer van bejaardes, inligting en veel meer. Dit kan 'n wonderlike geleentheid van samesyn wees. Ek verstom my altyd oor die vrolikheid (musiek en veel meer) wat op stemdag by die stembusse in armer dele van ons land heers.
- Ons moet mense help om ingeligte, waardegedrewe stemme uit te bring! Jy mag en moet daaroor preek.
- Ons moet BID, gereeld en aanhoudend vir 'n vredevolle en regverdige verkiesing.
- Ons kan onsself as monitors laat registreer en as monitors diens doen. Ons gaan duisende nodig hê om van hierdie 'n eerlike en regverdige verkiesing te maak. Meer analiste sê dat omdat daar soveel arm mense in SA is, daar te veel kiesers is wat te min belang in 'n stabiele samelewing het. ("They don't have enough skin in the game.") Dit maak dat hulle baie maklik omkoopbaar en manipuleerbaar is. Hulle gee nie veel om vir 'n stabiele orde nie omdat hul lewe al klaar so onstabiel is!

> "If you don't vote you lose the right to complain." – George Carlin

> "BAD GOVERNMENTS ARE ELECTED BY GOOD CITIZENS WHO DON'T VOTE"
>
> – PLATO








# Learning languages as a catalyst for social cohesion between church and community

*REV. CECILE MURRAY-LOUW*

*This article is dedicated to the late missionary to Swaziland Rev. Koos Louw and his wife Anneleen.*

As disciples of Jesus, we are called to spread the message of faith, and also to foster unity and understanding among the diverse groups of South Africa. The value of learning new languages cannot be overstated - in our country, it is a powerful tool for fostering social cohesion between our congregations and communities.

Social cohesion refers to the degree of connectedness and solidarity within a community. Here language learning builds bridges and helps us to engage meaningfully with others based on shared values and mutual understanding.

Learning languages also opens doors to more effective communication. Following a day immersed in language learning with Kletskuier in Khayelitsha, a community leader, who had navigated Afrikaans while aiding a Xhosa learner, remarked: “I never participated in ecumenical discussions because I was afraid too much would be lost in translation. I thought Afrikaans was the enemy that keeps us apart. But today I discovered that language is a friend that brings us together.”

When you can greet someone in their mother tongue, you connect more deeply and become a safe, welcoming space where people with varied backgrounds and experiences find a sense of belonging. With the responsibility of healing the systemic divides caused by apartheid, language learning offers a way for the church to work towards reconciliation through a shared sense of solidarity.

More than a practical skill, language learning is a transformative force for social cohesion as we work together to build a more inclusive, empathetic, and just society that reflects the core values of our faith.

*The Kletskuier initiative was inspired by the LAMP method (Language Acquisition Made Practical) of Tom and Betty-Sue Brewster.*

*Kletskuier hosts language learning experiences and cultural immersions and can be contacted on:*

- *kletskuier@gmail.com or*
- *082 219 1162*



# A VOICE FROM GAZA

*REV. RIAAN DE VILLIERS*

It has been more than 180 days of war in Gaza. 1 739 Israelis and 32 975 Palestinians are dead, with 75 577 Palestinians wounded and many others missing under the rubble and presumed dead.

During his Easter sermon, Reverend Munther Isaac from the Lutheran Church in Bethlehem called on the international church to act against the violence and injustice.

"I saw a child being pulled alive from the rubble in Gaza, and while he was being pulled out he was saying, 'Where is water? I am thirsty.' It reminded me of the words of Jesus on the cross when he cried out, 'I am thirsty.' He cried out 'I am thirsty' in solidarity with those being massacred by famine, siege and bombardment. Jesus stands in solidarity with all the victims of war and forced famine caused by the unjust and tyrannical regimes in our world. It is the cry of every oppressed...

Jesus shouted 'I'm thirsty', so they gave Him vinegar to drink, they added more pain to his pain, and more anguish to his anguish. And today while Gaza screams 'I am thirsty' they drop aid from the sky. Some drowned while trying to pull the dropped aid from the sea. How cruel. Gaza is thirsty and they give Gaza vinegar...

We must act, mobilize, pressure, lobby, and hold powers and leaders accountable. As people of the resurrection, we must unsettle the empire. Today, the land of the resurrection calls you to act, in hope and love. Together, we are committed to ending this genocide. Together we are committed to work for truth and justice. We know we will prevail because Al-Maseeh Qam. Christ is Risen."

Rev. Munther Isaac is scheduled to deliver a sermon at Groote Kerk in Cape Town on Sunday, May 5th, 2024, at 17:00.

> "These are dark, dark days and in times like these we Palestinians look at the cross and identify with the cross and see Jesus identifying with us...
>
> I saw a child being pulled alive from the rubble in Gaza, and while he was being pulled out he was saying, 'Where is water? I am thirsty.'"
>
> **REV. MUNTHER ISAAC**









# SOSIALE KOHESIE - WAAROM IS DIT SO NODIG?

DS. WILLIAM FICKS

Die afgelope 30 jaar is daar baie moeite deur verskillende rolspelers in die land gedoen, om ‘n meer inklusiewe, gelyke en verenigde gemeenskap in Suid Afrika te vestig. Tog dui die *Reconciliation Barometer* aan dat die ongelykheid en verdeling onder burgers van die land toegeneem het. Verder verkies die meeste inwoners van die land om eerder meer toegeneent tot hul eie onderskeie kulturele groepe te wees.

Ondanks hierdie donker prentjie wat van die Suid Afrikaanse landskap geskilder word, droom die meeste inwoners van die land oor ‘n meer inklusiewe, gelyke en verenigde Suid Afrika, waarin almal gelukkig is en in ’n hegte eenheid met mekaar saamleef. Vandaar ook die verskeie pogings wat aangewend word om daadwerklike sosiale kohesie onder die inwoners van die land te bevorder. Maar wat behels sosiale kohesie werklik? In hierdie opsig bied Flynn (2015:216) ‘n antwoord op die vraag:

**“Die betekenis wat aan die term gekoppel word, is solidariteit en ’n veiliger gemeenskap wat meer vir mekaar omgee, meer gelyk is en waar daar groter harmonie heers.”**

## Die kerk is ideaal geposisioneer om sosiale kohesie in gemeenskappe te bevorder.

Hoewel verskeie individue, groepe en nie-regeringsorganisasies (NGO'S) verskeie pogings aanwend om sosiale kohesie onder inwoners te bevorder, is dit opmerklik dat dit veral heelwat religieuse organisasies is wat by hierdie aspek betrokke is.

Voorts, die kerk word tans gesien as die mees betroubare instelling in die gemeenskap met 'n uitgelese gehoor op Sondae. Dus is die kerk ideaal geposisioneer om sosiale kohesie in gemeenskappe te bevorder.



## Hoe kan geloofsgemeenskappe sosiale kohesie in hul onderskeie gemeenskappe bevorder?

Kerke bied 'n uitstekkende hawe vir gemeenskapsvaardighede, gemeenskapsnorme en gemeenskapsbelangstelling. Voorts, kan kerke help met die bevordering van onderlinge vriendskapsbande wat weer aktivisme kan bevorder en sekulêre organisasies kan aanmoedig om opbouende aksies in gemeenskappe te fasiliteer. Geloofsgemeenskappe is ook in staat om netwerke van vertroue te bevorder wat weer ondersteuning aan mense in nood kan bied.

Selfs deur middel van multikulturele eredienste kan liturgieë, simbole, rituele, seremonies en ook aanbidding aangewend word om inklusiwiteit, harmonie en eenheid te bevorder onder die verskillende kulturele groepe.

Geloofsgemeenskappe kan selfs so ver gaan om 'n spesifieke persoon in hulle geledere af te vaardig om die sosiale kohesie in kerke sowel as gemeenskappe intensioneel te bevorder.

Geïnspireer deur die optrede van die eerste gemeente in Handelinge 2:42-47, word geloofsgemeenskappe uitgedaag om betrokke te raak by die bevordering van sosiale kohesie in gemeenskappe.



# TEN REASONS WHY NUCLEAR ENERGY ISN'T AN OPTION FOR AFRICA

*FRANCESCA DE GASPARIS*

Nuclear power is often touted as a "greener" and cleaner energy source, especially when compared to coal-fired power stations, which generate significant air pollution and a huge carbon footprint. There is no doubt that coal-fired plants are bad for the environment and people around them, but nuclear energy is not a suitable alternative or solution to our growing energy crisis.

**"A POUND INVESTED IN ENERGY EFFICIENCY BUYS SEVEN TIMES MORE ENERGY SOLUTIONS THAN A POUND INVESTED IN NUCLEAR POWER." - ZAC GOLDSMITH**

- The costs are exorbitant and are passed on for generations to future taxpayers.
- African economies are saddled with unmanageable debt as a result.
- International funding agreements compromise sovereignty and thus national security.
- The sector's history of secrecy enables corruption and gives political elites undue clout.
- Lack of transparency often violates constitutional guarantees and evades legal oversight.
- The short and long-term environmental impacts are extensive: the cost of managing and storing lethal waste and decommissioning ageing plants will burden future governments and taxpayers.
- Nuclear energy is not technically appropriate for countries with small, unstable and constrained grids – to operate safely, nuclear power stations themselves rely on a stable supply of power. Thus, Loadshedding would render them white elephants.
- Nuclear plants require enormous amounts of water to run safely; many African countries (starting with South Africa) are water-stressed and at risk of acute shortages.
- The pace of construction is slow, cannot be rushed (for safety reasons) and, worldwide, often runs behind schedule. In best-case scenarios, it would be decades before nuclear power stations could come on-stream, and we need power now.
- It sidelines much cheaper, more immediate, and sustainable options for generating power, including renewable sources. These can be implemented within a few years or even months, with costs shrinking as technologies develop. They are also a rapidly growing sector for job creation.

# GROENTETUINE... DIE BELANGSTELLING GROEI!



## HVT woel met GROEI-projek

Die Hoop en Versoening Trust (HVT) se GROEI-projek, wat gemeenskappe bemagtig om selfvoorsienend en selfonderhoudend in terme van kos te word, het momentum opgebou! Verlede kwartaal het ons twee opwindende werkswinkels aangebied in die Ring van Mthatha en by Motherwell buite Gqeberha, waar ons vroue van die VGK se Women's Ministry opgelei het.

Ons is verheug om saam te werk met die Garden of Life-projek wat die nodige opleiding vir ons bied. Daarbenewens stel ons kantoor graag groentesaad beskikbaar aan gemeentes en organisasies wat aansoek doen.

Indien jy belangstel om deel te neem of meer te wete te kom oor hierdie opwindende inisiatief, stuur asseblief jou aansoeke na Danelle by spg@kaapkerk.co.za. En maak 'n draai op die Hoop en Versoening Trust se webwerf (https://www.hopetrustza.com/) vir 'n volledige oorsig van die projek en die wonderlike moontlikhede wat beskikbaar is.





"Evangelism has always been the heartbeat for our ministry; it is what God has called us to do."

– Billy Graham



## Evangelisasie Taakspan en Evangelisasie Netwerk smelt saam

Die afgelope jaar het 'n opwindende ontwikkeling plaasgevind met die ontstaan van 'n Taakspan vir Evangelisasie. Hierdie span het saamgedink oor hoe om evangelisasie in 'n moderne konteks te benader. Gelyktydig het 'n netwerk gevorm wat bestaan uit verteenwoordigers van verskeie aksies wat ondersteun word deur Getuienisaksie.

Hierdie aksies sluit in Straatwerk, Simcha (bediening aan die Jode), Ambassadors Football, Isibindi en Alpha. Op 'n onlangse vergadering is daar besluit om hierdie netwerk en taakspan te integreer, en ons noem dit nou die Netwerk vir Evangelisasie en Dissipelskap.

Dié netwerk beplan om eersdaags by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit bymekaar te kom vir verdere beplanning, maar werk ook aan 'n groot konferensie waar ons 'n wyer uitnodiging sal rig aan verteenwoordigers van gemeentes om saam te dink oor dissipelskap en evangelisasie in ons moderne konteks.




# #100DorpeDialoog – Ons leer steeds belangrike lesse

Die eerste kwartaal van die jaar het 'n reeks dinamiese gesprekke in ons dorpe ontlok. Ons het verkennende gesprekke gevoer in Montagu en Klipfontein op die Kaapse Vlakte, terwyl volledige gesprekke plaasgevind het in Clanwilliam en Moorreesburg. Vir April is gesprekke beplan vir Springbok en Graafwater.

Ons herinner onsself gereeld dat ons uit hierdie gesprekke net soveel leer as wat ons aan die inwoners van die dorpe kan bied. Ons fasiliteer 'n neutrale rol en bied ondersteuning wanneer nodig, wat 'n atmosfeer van veiligheid en openheid bevorder. Hierdie benadering laat deelnemers toe om vryuit te praat en hul sienings te deel. Die gesprekke vanjaar het ons weer bewus gemaak van:

- Daar is **vergete gemeenskappe** soos Klipfontein op die Kaapse Vlakte. Hulle is op soek na herwinde identiteit en trots. Hul bly al meer as 'n eeu daar, maar is tans in 'n bestaanskrisis weens bedreiging van alle kante.



- Die **seer in gemeenskappe**, veral tussen die NGK en die VGK, lê vlak onder die oppervlak. Dit kom oor dekades. Mense het geleer om aan te gaan en is te huiwerig om te begin praat omdat hulle bang is om weer seer te kry. Ons mag hierdie dinamika in ons gemeenskappe en ook die kerk se aandeel daarin nie onderskat nie.
- **Magsverhoudings** speel steeds 'n belangrike rol wat versoening en gesprek beïnvoed. In baie dorpe behoort die werkers aan die VGK en die eienaars van besighede en plase aan die NGK. Wanneer hierdie groepe byeen kom vir 'n gesprek, is daar baie onsigbare werklikhede in die vertrek. Ons sal altyd daarop bedag moet wees.
- Ons sukkel om ons dorpe se **ware identiteit** te bepaal. Wie is ons nou eintlik? Wit, bruin of swart? Of swart en lig op die rante of wit en swart op die rante? Is ons bietjie gemeng? Gelowig-polities korrek en neutraal? Omarm ons diversiteit of druk ons arm oor kultuur? Die grensoorloë is verby maar veg ons nou subtiele kultuuroorloë? Kan ons Christen identiteit ons help?
- **Kapasiteit** op plaaslike regeringsvlak is dun. Hoe help ons sonder om aanstoot te gee?
- Dit is vir verskillende kerke moontlik om **saam te werk** as ons 'n saak groter as onsself ontdek.
- Die **polisie** soek eintlik hulp en ondersteuning.
- Instroming van **seisoenwerkers** skep op talle dorpe 'n tydbom.

Goeie gesprekke, saam mense met wie jy nie gewoonlik praat nie, bring vreugde. Laat ons volhard om hierdie band van verbinding te koester en die stories van hoop te deel wat ons ontdek!

# BOOMPLANT-PROJEK IN MALAWI

## EERSTE FASE SUKSESVOL AFGEHANDEL



As een van die wêreld se minste ontwikkelde lande is Malawi sinoniem met pragtige, ongerepte natuurskoon. Die drastiese tempo waarteen die bevolking groei, sowel as die landelike aard van die land se gemeenskappe, het egter daartoe gelei dat meer en meer bome afgekap word vir vuurmaakhout, sonder dat daar 'n plan in plek is om hierdie bome te vervang of weer 'n kans te gee om te groei.

Vir die afgelope paar jaar het die CCAP Nkhoma Sinode in Malawi (susterkerk van die NG Kerk) die droom gehad om bome rondom hul kerk te plant in 'n poging om dié wat afgekap is te vervang.

Hulle het uitgereik na Getuienisaksie vir hulp met die befondsing van so 'n projek en saam met Getuienisaksie, SAFCEI (Southern African Faith Communities' Environment Institute) en borge uit die VSA se bydraes, kon hulle die eerste paar stappe neem om hierdie droom te verwesenlik. Op 3 Februarie 2024 is daar 3 000 bome geplant!

Hierdie projek ervaar egter sy deel van uitdagings. Alhoewel daar sorgvuldig beplan is om die boompies te plant wanneer die meeste reën verwag word, was die plantproses gevolg deur twee weke sonder enige reën. Daar moes ook sekuriteitswagte aangestel word om die nuut-geplante boompies te beskerm.

Nietemin is ds. Vasco Kachipapa van die CCAP Nkhoma Sinode baie positief oor die projek en getuig dat dit reeds 'n geseënde inisiatief is. Hy deel:

"Die projek het eenheid tussen die kerk en die gemeenskap gebring. Ons bewaar saam die struike wat vir die eerste keer in twee dekades groei sonder om afgekap te word.

Ons glo dat hierdie die begin is van die nodige transformasie van ons pragtige Nkhoma-berg en sy omgewing! Die gemeenskapsleiers het die inisiatief 100% omhels."

**"DIE PROJEK HET EENHEID TUSSEN DIE KERK EN DIE GEMEENSKAP GEBRING!"**








# HOE GEMAAK AS JOU SKOOL SE SLAAGSYFER 37% IS?

Nog 'n opwindende projek by die Sentrum vir Puplieke Getuienis is 'n motivieringsprojek onder drie skole in die mindergegoede gedeeltes van Graaff-Reinet. Die slaagsyfer by hierdie skole was die afgelope paar jare onaanvaarbaar laag. By die sekondêre skool, Asherville, was dit verlede jaar maar 37%.

Die TrimTab-stigting het 'n borgskap toegeken vir 'n reeks van vier geleenthede in Graaff-Reinet met die doel om die jeug te motiveer en hoop te bied vir die toekoms. Die leerders van Asherville, Spandau en Nqweba streef na sukses te midde van moeilike omstandighede.



Elke matriekleerder het 'n pet ontvang en geniet 'n heerlike ete tydens die motiverings-geleenthede. Die eerste byeenkoms is aangebied deur mnr. Rian Truter, oud-skoolhoof van Hoërskool DF Malan, wat inspirerende sessies aangebied het om die jeug te bemoedig en hulle bewus te maak van hul potensiaal.

Die inisiatief beloof om 'n positiewe impak te hê op die gemeenskap en die jeug se toekomstige geleenthede. Die doel is om 'n klimaat van hoop en geleenthede te skep vir jongmense in Graaff-Reinet en ander dorpe. Die projek poog om hul te bemagtig deur inligting oor moontlikhede vir die toekoms te deel.





Vir verdere inligting oor hierdie projek, sowel as soortgelyke inisiatiewe in ander dorpe, kan kontak gemaak word met Danelle by spg@kaapkerk.co.za. Die gemeenskap sien met opgewondenheid uit na die verdere ontwikkeling van hierdie waardevolle projek.

# How Mamabolo escaped from the cage of poverty

When he stopped, the old man looked at him and said: “Mamabolo, you do not realize it, but you are caught in a cage of poverty. From inside the cage, you can see and hear a small part of the world outside of the cage, but as long as you are in the cage you will never be able to reach it and be part of the world outside of the cage. Many people are born in the cage and many also die in the cage, but it is possible to escape from that cage. Will you allow me to tell you some stories and give you some advice on how to escape?”

Poverty is without a doubt still one of the biggest challenges that we face on this planet. Billions of dollars are spent, hours of conversations have taken place in conferences and many books have been written in an attempt to eradicate poverty. Braam Hanekom has condensed his own research and theories about poverty in this powerful story about a child living in a South African township, who one day meets a wise old man who guides him on his way to escape out of the cage of poverty. It is a very simple story, but works with all the fundamentals of what it really takes to be free from poverty.






**Discover the captivating story of Mamabolo's triumph over poverty for just R50 (excluding courier cost). Order your copy now at spg@kaapkerk.co.za and be inspired by the journey of resilience and hope!**

# Kontak ons

**Sentrum vir Publieke Getuienis**
021 957 7202
De Langestraat 5, Bellville, 7530

**Direkteur** Braam Hanekom
braam@kaapkerk.co.za

**Kantoor** Danelle Jordaan
spg@kaapkerk.co.za

**Kommunikasiebeampte** Wilmi Wheeler
media@kaapkerk.co.za

**Bankbesonderhede (donasies welkom)**
Hope and Reconciliation Trust
Nedbank
Takkode: 198765
Rekeningnommer: 1169975933

**NUUSBRIEF-INTEKENING**
spg@kaapkerk.co.za

Stuur ook 'n e-pos indien jy nie meer hierdie nuusbrief wil ontvang nie.

iThemba word uitgegee deur
die Sentrum vir Publieke Getuienis.

Enige persoon is welkom om die iThemba-nuusbrief aan vriende of familie te stuur. Stuur gerus ook vir ons e-posse aan van individue wat graag die nuusbrief sal wil ontvang.

**publiekegetuienis.org**

**ithemba.**

Saam kan ons 'n verskil maak.